

Feite en Wenke

Met Komplimente van die Afrikaanse Onderwysnetwerk

Temporale Bewustheid

Temporale bewustheid verwys na 'n kind se interne bewustheid van die verhouding tussen beweging en tyd.

Geskryf namens die AON deur Lizette van Huyssteen van die Practica Program



www.aonetwerk.co.za

+ Hierdie vaardigheid help kinders om met herhalende patrone te werk sodat hulle kan leer om ritmies te beweeg, musiek te maak en vloeiend te lees.

+ Temporale bewustheid is noodsaaklik om beweging en tyd te koördineer en daarom speel dit ook 'n deurslaggewende rol in oog-handkoördinasie, oog-voetkoördinasie en vloeiende grootmotoriese bewegings. ¹

+ Wat fynmotoriese ontwikkeling betref, beïnvloed dit kinders se vermoë om te leer teken en skryf, die gemak waarmee hulle hul spraakorgane gebruik om te praat en hoe hulle hul oogspiere gebruik om te lees.

+ Op 'n meer abstrakte vlak beïnvloed temporale bewustheid kinders se vermoë om die opeenvolging van gebeure in situasies te leer voorspel, soos wanneer hulle aan 'n sekere roetine gewoond raak.

+ Navorsers sê ook dat temporale bewustheid kinders help om te redeneer en om taal in woorde en frases op te breek om dit op grammatikale vlak te verstaan.

Daar is gevolglik 'n teorie wat leer dat 'n mens 'n kind se taalbegrip en taalvaardigheid radikaal kan verbeter as jy taal met ritme en dansies kombineer. ²

Wenke

1. Begin by 'n kind se daaglikse lewe.

Om kinders se temporale bewustheid van die fondament af te bou, is dit belangrik om hulle te help om ritmiese patrone in hul eie lewens en in die omgewing raak te sien.

Gesels tydens sirkeltyd en temabesprekings oor hoe gebeure herhalend in tyd afspeel, bv. hoe boere volgens 'n patroon plant, oes en hulle oes verkoop. Nog 'n voorbeeld is hoe 'n mens herhalend met elke ete kosmaak, tafeldek, eet en opruim. 'n Mens moet ook herhalend klere dra, was, op die draad hang, stryk, weer dra, weer was, ens.

Beklemtoon ook hoe ritmes in die natuur herhaal (bv. seisoene) en hoe ritmes in ons dagprogramme herhaal word soos wat oggend, middag en aand opmekaar volg en ons elke dag drie etes eet. ³

Dis baie makliker vir babas en jong kinders om temporale bewustheid te ontwikkel as daar orde en roetine in hul lewens is.

2. Speletjies en aktiwiteite.

- Speel handklapspeletjies, doen musikale aktiwiteite en oefen liggaamlike bewegings wat ritmies uitgevoer word.
- Speel bordspeletjies en enige speletjies wat volgens 'n patroon gespeel word en/of behels dat 'n mens beurte maak.
- Sekere apparaat op die speelgrond, soos swaaie, help ook om 'n aanvoeling vir ritme te stimuleer en vas te lê. ²
- Bewegingspeletjies wat behels dat 'n mens bewegings teen 'n stadige, vinnige en medium tempo uitvoer, help kinders om bewus te word van verskille in spoed.
- Om kinders se tydsreaksies (*timing*) in te skerp, oefen om ritmies op 'n eenvoudige links-regs-patroon te marsjeer, sowel as om te galop, huppel en op vreemde ritmes te marsjeer.

- Tonspring, danspassies en sportsoorte wat bewegingspatrone inoefen, soos JUDO, is uitstekende aktiwiteite om te help om temporale bewustheid in te oefen.

- Aktiwiteite waar kinders 'n bal moet onderskep terwyl hulle self beweeg (soos sokker, tennis, rugby of netbal), vereis goed ontwikkelde temporale bewustheid omdat 'n mens jou bewegings met ander mense en die bal se beweging in tyd moet leer koördineer.³

Verwysings:

1. Gallahue, D.L. & Donnelly, F.C. Developmental Physical Education for All Children.
2. Williams, Jane. "Temporal awareness. Helping your child to be a great learner: It's all in the timing." Active Babies Smart Kids.
3. Valency, Craig. "The Missing Link to Movement Mastery: Part 5 – Temporal Awareness."

Alle vaardighede wat iets met **ritme** of **opeenvolging** te doen het, word tot 'n mate deur **temporale bewustheid** beïnvloed

